basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE ASSESSERING
# VOORBEELD VRAESTEL
# 2023

## GRAAD 9

| | |
|---|---|
| Vak: | Skeppende Kunste |
| Vraestel: | Musiek |
| Punte: | 50 |
| Duur: | 60 Minute<br>15 minute leestyd **uitgesluit** |

VOORBEELD VRAESTEL

**Hierdie toets bestaan uit 15 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

**Instruksies aan die leerder**

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees alle instruksies en vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord alle vrae.
4. <u>Skryf al jou antwoorde op die antwoordblad.</u>

**Die toets begin op die volgende bladsy.**



VOORBEELDVRAESTEL

**Moenie begin voordat u aangesê word om dit te doen nie.**

## AFDELING A

Vraag 1

Kies die korrekte antwoord uit die opsies gegee. Skryf slegs die regte letter neer

1.1 Wat word ‘n kunstenaar wat alleen optree genoem?

A duet

B trio

C solis

D ensemble (1)

1.2 Wie van die volgende is 'n Suid-Afrikaanse komponis?

A Angelique Kidjo

B Johann Sebastian Bach

C Salif Keita

D Johnny Clegg (1)

1.3 Wat noem ons sangers wat in harmonie optree, sonder enige instrumentale begeleiding?

A *a capella*

B *vivace*

C *moderato*

D *staccato* (1)

1.4 Wat word die woorde van 'n lied genoem?


A libretto

B lirieke

C partituur

D bladmusiek (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.5 

Wat is die betekenis van die dubbele maatlyn?

A Herhaal hierdie gedeelte.

B Herhaal van die begin af.

C 'n Pouse in 'n komposisie.

D Die einde van 'n komposisie. (1)

1.6 Watter term beskryf stadige en plegtige musiek?

A *allegro*

B *sag*

C *dinamiek*

D *largo* (1)

1.7 Wat is improvisasie?

A Improvisasie word gedoen om ‘n musikale uitvoering te verbeter.

B Improvisasie is die proses om te repeteer vir ‘n optrede.

C Improvisasie is die proses om oomblikke van stiltes in musiek te skep.

D Improvisasie is die proses om spontaan musiek te maak, sonder voorafgaande repetisie. (1)

1.8 Watter musiekvorm behels musiek, toneelspel, kostuums, ‘n stel en soms dans?

A toneel

B opera

C aria

D seepopera (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.9 Watter een van die volgende simbole is 'n kwartnoot rus?

A 𝄽

B 𝄾.

C 𝄐

D ♮ (1)

1.10 Wat word die kombinasie van lang en kort note genoem?

A maatslag

B ritme

C metrum

D triole (1)

1.11 𝅗𝅥. ♩

Wat is die totale waarde van hierdie twee note?

A heelnoot

B halfnoot

C agstenoot

D kwartnoot (1)

1.12 Wat is die Italiaanse woord om aan te dui dat die musiek 'vinnig' gespeel moet word?

A *piano*

B *forte*


C *presto*

D *legato* (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.13 Watter een is 'n voorbeeld van 'n triool?

A 

B 


C 

D  (1)

1.14 Wat is 'n drieklank?

A die afstand tussen twee note

B twee note wat gelyktydig klink

C drie onafhanklike ritmes

D drie note wat saamklink as 'n basis vir harmonie (1)

1.15 

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n drieklank op die tonika-noot van C majeur: **CEG**

Watter note sou die drieklank op die vierde noot van C-majeur wees?

A DFA

B EGB

C FAC

D GBD (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.16 Wat is die doel van drieklanke?


A Om interessante afstande in toonhoogte van die melodie te skep

B Om 'n kort, treffende en onvergeetlike deuntjie te skep wat verband hou met 'n spesifieke handelsmerk of produk

C Om een melodie te skep wat deur verskillende groepe uitgevoer word, waar elke groep op 'n ander tyd begin

D Om musikale harmonie te skep en ondersteuning aan die melodie te voorsien (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.17 

Wat is die korrekte besyfering van hierdie drieklank in G majeur?

A I

B II

C IV

D V (1)

1.18 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n saamgestelde tydmaatteken?

A $\frac{4}{4}$

B $\frac{2}{4}$

C $\frac{6}{8}$

D $\frac{3}{4}$ (1)

1.19 Waarvoor staan die onderste getal in die tydmaatteken $\frac{2}{4}$ ?

A agstenote

B halfnote

C heelnote

D kwartnote (1)

1.20 Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van ‘n enkelvoudige drieslagmaat?

A $\frac{2}{4}$

B $\frac{3}{4}$

C $\frac{4}{4}$

D $\frac{6}{8}$ (1)

1.21 Watter afkorting dui aan dat die musiek baie sag gespeel moet word?

A *mp*


B *ff*


C *mf*

D *pp* (1)

1.22 Watter van die volgende simbole dui aan dat die musiek geleidelik sagter gespeel moet word?

A 

B 

C 

D  (1)

1.23 

Wat is die naam van hierdie noot?

A F

B G

C E

D B (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.24 Wat is 'n interval?

A drie of meer note wat saamklink as basis vir ‘n harmonie

B die afstand tussen twee note

C twee notes wat gelyktydig klink

D twee of meer onafhanklike ritmes (1)

1.25 

Wat is die afstand van hierdie interval?


A 6de

B 3de

C 5de

D 7de (1)

1.26 In watter sleutel sal 'n 'D'-noot op die vierde lyn van die notebalk wees?

A 


B 

C 

D 

(1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.27 

Op watter toonsoort is bogenoemde toonleer gebaseer?

A C majeur

B D majeur


C F majeur


D G majeur (1)

1.28 Watter een van die volgende is die toonsoortteken van D-majeur?

A 

B 

C 

D  (1)

1.29 In watter van die volgende sleutels sou 'Doh' op G wees?

A 

B 

C 

D  (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.30 Watter een van die volgende note moet *staccato* gespeel word?

A 

B 

C 

D  (1)

[30]

VOORBEELD VRAESTEL

Vraag 2

Bestudeer die volgende musiekuittreksel en beantwoord vrae 2.1. tot 2.10.




2.1 In watter sleutel is die musiekuittreksel?

A altsleutel

B diskantsleutel

C bassleutel

D tenoorsleutel (1)

2.2 Wat is die naam van die noot aangedui deur ↓?

A B

B G

C D

D E (1)

2.3 In watter toonsoort is die musiekuittreksel?

A G majeur

B F majeur

C D majeur

D C majeur (1)

2.4 Watter term dui aan dat die lied matig sag gespeel moet word?

VOORBEELD VRAESTEL

A *pianissimo*

B *mezzo forte*

C *mezzo piano*

D *marcato* (1)

2.5 Wat is die tydmaatteken van die musiekuittreksel?

A $\begin{smallmatrix}3\\4\end{smallmatrix}$

B $\begin{smallmatrix}2\\4\end{smallmatrix}$

C $\begin{smallmatrix}6\\8\end{smallmatrix}$

D $\begin{smallmatrix}4\\4\end{smallmatrix}$ (1)


2.6 In watter maat/mate van die musiekuittreksel is die langste nootwaarde?

A mate 7 en 8

B mate 4, 7 en 8

C maat 3

D mate 5 en 6 (1)

2.7 

Wat is die totale waarde van die bogenoemde note uit maat 3?

A agtste noot

B heelnoot

C kwartnoot

D halfnoot (1)

2.8 Wat is die note van die drieklank gebaseer op die eerste noot van die lied?

VOORBEELD VRAESTEL

A FAC

B DFA

C CEG

D GBD (1)

2.9 In watter musikale vorm is bogenoemde lied?

A 'n improvisasie

B 'n kanon

C tema en variasie

D 'n oktaaf (1)

2.10 As 'n komponis nie balknotasie gebruik het nie, watter alternatiewe musieknotasiestelsel kon nog gebruik word om musiek mee te lees en te skryf?

A triool

B unisoon

C solfanotasie

D partituur (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A : 40**

VOORBEELD VRAESTEL

**AFDELING B**

Vraag 3: Gevallestudie

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

'n Volkslied is 'n lied wat 'n bepaalde land prys. Hierdie lied word dan amptelik aanvaar as die land se lied. Dit is 'n patriotiese komposisie wat die geskiedenis, tradisies en stryd van 'n nasie se volk oproep en prys. Dit is 'n uitdrukking van nasionale identiteit. Dit herenig ook mense in ‘n land. Soos alle lande het Suid-Afrika ook so 'n spesiale lied.

*Nkosi Sikelel' iAfrika* is in 1897 deur Enoch Sontonga gekomponeer. Sontonga, 'n Metodiste-onderwyser en lekeprediker, het hierdie lied gekomponeer as 'n IsiXhosa-lofsang wat kort daarna wyd oor Afrika gesing sou word. Tydens apartheid is die lied gesing as 'n teken van verset by politieke saamtrekke en vergaderings.

*Die Stem van Suid-Afrika is 'n* gedig geskryf deur CJ Langenhoven, wat 'n aktivis was vir Afrikaans om 'n amptelike taal te word. Die musiek is in 1921 deur dominee ML de Villiers gekomponeer.

Toe apartheid in 1994 geëindig het, het president Nelson Mandela twee histories belangrike liedere as Suid-Afrika se volkslied aangeneem, naamlik *Nkosi Sikelel' iAfrika* en *Die Stem van Suid-Afrika*. Suid-Afrika het dus van 1994 tot April 1997 twee volksliedere gehad. Aangesien beide bogenoemde liedere as die volkslied gesing moes word, het dit te lank geneem. Daar is dus besluit om 'n harmonieuse musikale brug tussen die twee liedere te skep om hulle in 'n enkele volkslied saam te voeg. Hierdie gekombineerde volkslied het op 10 Oktober 1997 in werking getree. Wat betekenisvol is van hierdie gekombineerde volkslied, is die feit dat die volkslied lirieke in vyf van ons elf amptelike tale bevat, naamlik IsiXhosa, IsiZulu, Sesotho, Afrikaans en Engels.

Die protokol oor die respek vir die volkslied is as volg:

- Die volkslied moet met gepaste respek voorgedra word.
- Almal moet op aandag staan met hul hande langs hul sye geplaas terwyl hulle die volkslied sing.
- Burgerlikes moet hul hoede afhaal as teken van respek.

*[Aangepas uit: www.gov.za]*

3.1 Met verwysing na die teks, wat is die verskillende rolle van ‘n nasionale volkslied in ‘n land? (3)

3.2 Watter lied is die oudste tussen *Nkosi Sikelel' iAfrika* en *Die Stem van Suid-Afrika?* Regverdig jou antwoord. (2)

3.3 Watter motivering was daar om twee afsonderlike liedere in een nasionale volkslied te kombineer? Motiveer jou antwoord. (2)

3.4 'n Nasionale volkslied is 'n uitdrukking van nasionale identiteit. Met verwysing na hierdie stelling, wat is so betekenisvol aan die Suid-Afrikaanse Volkslied? (2)

3.5 Riglyne word in die protokol voorsien oor hoe om die nasionale volkslied te respekteer. Wat is jou opinie oor hierdie protokol? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B : 10**

VOORBEELD VRAESTEL

**Einde van toets**

VOORBEELD VRAESTEL